Plundery neem toe

Openbare fasiliteite in die Swartland Munisipaliteit gaan die afgelope maande al meer gebuk onder voorvalle van vandalisme.

Veral begraafplase loop deur. Omheinings en muurpanele word verwyder, grafstene word platgegooi en gebreek, en gereelde rommelstorting vind plaas, wat alles dui op antisosiale gedrag wat hoogty vier.

"Die sinlose beskadiging van enige openbare bate, soos verkeerstekens, substasies, ablusiegeriewe, en openbare parke, wat begraafplase insluit, wek groot kommer, want die herstelwerk plaas 'n onnodige las op die belastingbetaler terwyl die fondse eerder aangewend kon word om nog fasiliteite te skep", sê Joggie Scholtz, Munisipale Bestuurder. "Ons bestaande kapasiteit en hulpbronne maak voorsiening vir die jaarlikse spuit en sesmaandelikse skoonmaak van begraafplase, terwyl ons slegs 'n beperkte begroting het vir die herstel van byvoorbeeld heinings. Omdat begraafplase openbare geriewe is, moet dit toeganklik wees vir die gemeenskap, wat beveiliging bemoeilik. Die koste om die 16 munisipale begraafplase van voltydse personeel en/of veiligheidswagte te voorsien, is bloot nie haalbaar nie."

Die munisipale sportgronde is tans vir die publiek gesluit ingevolge die COVID Vlak 4-maatreëls. "Ten spyte hiervan word heinings gevandaliseer, geboue oopgebreek en geplunder, elektriese kabels en toerusting, en onder andere dakplate gesteel om vermoedelik vir skroot verkoop te word. Selfs speelparke loop deur, met kwaadwillige beskadiging van speeltoerusting, brandstigting, diefstal van heinings en swaaikettings, sowel as rommelstorting en ander antisosiale gedrag. Ons begroting en selfs ons versekering kan nie byhou met die herstel van skade nie."

Die Munisipaliteit versoek dat gemeenskappe saamstaan teen hierdie misdadige gedrag. Lede van die publiek word versoek om oortredings aan te meld en inligting deur te gee aan die Munisipaliteit se Wetstoepassingsafdeling by 022 487 9411 of om dit per e-pos (swartlandmun@swartland.org.za) aan te meld met al die toepaslike besonderhede.

Kantoor van die Munisipale Bestuurder

Swartland Munisipaliteit

Datum: 21 Julie 2021

Foto: Van die grafstene wat omgestamp en beskadig is